



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isibhe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2025

REKENINGKUNDE V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye,
'n formuleblad en 'n 9-bladsy antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
1	Notas tot die Finansiële State en Staat van Finansiële Posisie	55	45
2	Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers	40	30
3	Vertolking van Finansiële State	40	30
4	Korporatiewe Bestuur	15	15
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE
(55 punte; 45 minute)**YAMIHLE BPK.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2025.

GEVRA:**1.1 Verwys na Inligting A.**

Bereken die ontbrekende bedrae wat deur (a) tot (d) in die Tasbare Bates Nota aangedui word.

(13)

1.2 Verwys na Inligting A, B en C. Stel die volgende op 28 Februarie 2025 op:

- Handels- en ander ontvangbares-nota (7)
- Behoue-inkomste-nota (8)
- Staat van Finansiële Posisie (27)

LET WEL:

- Sommige bedrae is in die ANTWOORDEBOEK ingeskryf.
- Syfers word NIE in die gekleurde gedeeltes vereis NIE.
- Toon bewerkings.

INLIGTING:**A. Tasbare Bates:**

	Grond en geboue	Voertuie	Toerusting
Koste	(a)	465 000	520 000
Opgehoopte waardevermindering		(418 500)	
Drawaarde (1 Maart 2024)		46 500	
Bewegings			
Toevoegings	230 000	500 000	0
Vervreemdings		0	(b)
Waardevermindering		(c)	(39 280)
Drawaarde (28 Februarie 2025)		(d)	295 245
Koste	1 780 000	965 000	450 000
Opgehoopte waardevermindering			

- Waardevermindering word soos volg bereken:
 - op voertuie teen 20% p.j. op koste
 - op toerusting teen 10% p.j. op verminderende saldo-metode
- 'n Nuwe voertuig is op 1 Desember 2024 aangekoop.
- Toerusting wat op 1 Junie 2023 aangekoop is, is op 28 Februarie 2025 vir R61 500 kontant verkoop.

B. Uittreksel: Saldo's en totale uit die rekords op 28 Februarie 2025:

	R
Gewone aandelekapitaal	?
Behoue inkomste (1 Maart 2024)	298 000
Vaste bates (drawaarde)	?
Vaste deposito: Prince Bank	135 500
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	142 768
Bank (gunstig)	?
Krediteurekontrole	210 100
Lening: Abu Bank	?
Handelsvoorraad	736 090
Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2024)	8 200
Netto handelsdebiteure	328 590
Versekering	184 100
Huurinkomste	187 440
Direkteursfooie	397 600
Gewone aandele dividende	108 000

C. Aansuiwerings en addisionele inligting:

- (i) Yamihle Bpk. betaal 'n vaste maandelikse versekering aan ATR-versekeraars. Versekering vir Maart en April 2025 is ook betaal.
- (ii) Die huur vir Februarie 2025 is nog nie ontvang nie. Die huur het op 1 November 2024 met 12% gestyg.
- (iii) Voorsiening vir oninbare skulde moet met R175 verminder word. Dit is nie in ag geneem by die berekening van die bedrag vir netto handelsdebiteure nie. Die boekhouer het verkeerdelik die voorsiening vir oninbare skulde vir 1 Maart 2024, aangeteken.
- (iv) 20% van die vaste deposito sal op 30 September 2025 verval.
- (v) 'n Verdere R108 400 word vir inkomstebelasting geskuld.
- (vi) Die maatskappy het drie direkteure. Twee van die direkteure ontvang elkeen dieselfde maandelikse fooi. Die derde direkteur ontvang 20% minder as die ander direkteure. Al drie direkteure het nie hul fooie vir Januarie en Februarie 2025 ontvang nie.
- (vii) Verpakkingsmateriaal voorhande het R4 760 beloop.
- (viii) Inkomstebelasting vir die jaar is teen 32% van die netto wins voor belasting bereken.
- (ix)
 - Yamihle Bpk. is gemagtig om 2 000 000 gewone aandele uit te reik.
 - Gewone aandele is teen R90 400 bo die gemiddelde prys teruggekoop.
 - 20% van die gewone aandele is nog nie teen jaareinde uitgereik nie.
 - 'n Finale dividend van 12 sent per aandeel is op 28 Februarie 2025 verklaar en moet nog in berekening gebring word.
- (x) Uittreksel uit Abu Bank leningstaat:

Saldo op 1 Maart 2024	448 000
Paaielemente (insluitend rente)	114 060
Rente gekapitaliseer	57 000
Saldo op 28 Februarie 2025	?

LET WEL: R65 000 van die leningsaldo sal in die volgende finansiële jaar vereffen word.

- (xi) Die netto batewaarde per aandeel op 28 Februarie 2025 is 220 sent.

VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS**(40 punte; 30 minute)**

Die inligting hou verband met Mantsane Bpk. wat skoonmaakmateriaal aan kleinhandelaars versprei. Die finansiële jaar het op 30 April 2025 geëindig.

GEVRA:

2.1 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat:

2.1.1 Dividende betaal (3)

2.1.2 Belasting betaal (5)

2.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:

2.2.1 Persentasie opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA) (6)

2.2.2 Vuurproefverhouding (4)

2.2.3 Persentasie bedryfswins op verkope (3)

2.3 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat:

2.3.1 Kontantvloei van beleggingsaktiwiteite (8)

2.3.2 Kontantvloei van finansieringsaktiwiteite (7)

2.3.3 Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 April 2025:**

Omset vir die jaar	4 790 000
Waardevermindering	475 360
Bedryfsuitgawes	1 682 200
Bruto Bedryfsinkomste	2 521 000
Rente uitgawe	115 500
Netto wins voor belasting	820 300
Netto wins na belasting	574 210

B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie:

	30 April 2025	30 April 2024
Tasbare bates teen drawaarde	6 135 640	5 810 000
Finansiële bates (Vaste deposito)	1 430 000	1 680 000
Bedryfsbates	1 710 820	785 000
Voorraad	776 740	536 430
Handels- en ander ontvangbares (sien D)	648 310	226 570
Kontant en kontantekwivalente	285 770	22 000
Aandeelhoudersbelang	6 897 610	6 438 400
Gewone aandeelkapitaal (sien F)	6 305 000	5 760 000
Behoue inkomste	592 610	678 400
Lening: Yoli Bank	900 000	500 000
Bedryfslaste	1 478 850	1 336 600
Handels- en ander betaalbares (sien E)	1 118 850	1 096 600
Bankoortrekking	0	75 000

C. Tasbare bates:

- Tasbare bates is gedurende die jaar teen boekwaarde, R549 000, verkoop.
- Tasbare bates is gedurende die jaar gekoop vir R?

D.	Handels- en ander ontvangbares sluit in:	30 April 2025	30 April 2024
	Netto Handelsdebiteure	388 010	214 070
	Opgelope inkomste	21 300	0
	Vooruitbetaalde uitgawes	64 000	12 500
	SAID (Inkomstebelasting)	175 000	0

E.	Handels- en ander betaalbares sluit in:	30 April 2025	30 April 2024
	Handelskrediteure	890 150	748 600
	Vooruitontvange inkomste	33 700	0
	SAID: Inkomstebelasting	0	204 000
	Aandeelhouders vir dividende	195 000	144 000

F. Gewone aandelekapitaal en dividende:

- 1 200 000 aandele was op 1 Mei 2024 uitgereik.
- Op 1 November 2024 is 400 000 bykomende aandele vir R2 000 000 uitgereik.
- 300 000 aandele is op 28 Februarie 2025 teen R1,15 bo die gemiddelde eenheidsprys teruggekoop. Hierdie aandele kwalifiseer nie vir finale dividende nie.
- Tussentydse dividende van 10c per aandeel is op 1 Oktober 2024 betaal.

40

VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (40 punte; 30 minute)**SINAKO BPK. EN LISELE BPK.**

Die inligting het betrekking op TWEE maatskappye.

AGTERGRONDINLIGTING:

- Albei maatskappye dryf handel in die visbedryf. Die finansiële jaar eindig elke jaar op die laaste dag van Februarie.
- Lorna Ngendu besit aandele in albei maatskappye. Op 1 Oktober 2024 het sy die direksie van Sinako Bpk. oortuig om 200 000 van haar aandele terug te koop. Sy het die geld wat ontvang is, gebruik om bykomende aandele in Lisele Bpk. te koop.

LET WEL: Waar kommentaar of verduidelikings vereis word, moet jy:

- Finansiële aanwysers en tendense met syfers aanhaal
- 'n Rede of verduideliking vir die finansiële aanwysers wat aangehaal is, gee.

GEVRA:**3.1 Winsgewendheid:**

Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers om te wys watter maatskappy sy uitgawes meer doeltreffend bestuur. (4)

3.2 Dividende, verdienste en opbrengste:

- Lewer kommentaar op die dividend-uitbetalingsbeleid van Sinako Bpk. Verduidelik waarom die verandering in beleid onverantwoordelik was. (4)
- Lewer kommentaar op die % opbrengs op aandeelhoudersbelang van ELKE maatskappy. Verduidelik die effek op Sinako Bpk. (4)
- Sindiswa, 'n aandeelhouer, voel dat verdienste per aandeel (VPA) in Lisele Bpk. beter is as in Sinako Bpk. Verduidelik hoekom jy met haar saamstem. (4)

3.3 Aandeelhouding van Lorna Ngendu in beide maatskappye:

- Lewer kommentaar oor die prys wat betaal is vir die aandele wat deur Sinako Bpk. teruggekoop is. Verskaf TWEE punte. (4)
- Bereken die aantal aandele wat Lorna in Lisele Bpk. gekoop het met die geld wat sy ontvang het uit die terugkoop van aandele by Sinako Bpk. (2)
- Verduidelik die effek van die terugkoop van aandele op die % aandeelhouding van Lorna Ngendu in Lisele Bpk. Haal syfers aan. (4)

3.4 Finansieringstrategie en hefboom:

Die direkteure van elke maatskappy het doelbewuste besluite oor finansies en hefboomfinansiering geneem wat in hul Kontantvloei-state weerspieël word.

- Verduidelik die besluite wat deur die direkteure van Lisele Bpk. geneem is en hoe dit die maatskappy sal bevoordeel. Verskaf TWEE punte met syfers. (8)
- Verduidelik hoe die besluite wat deur Sinako Bpk. geneem is, die risiko en hefboomfinansiering van die besigheid beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan. (6)

INLIGTING:

A. Uittreksels uit die rekeningkundige rekords aan die einde van elke jaar:

	SINAKO BPK.		LISELE BPK.	
	Feb. 2025	Feb. 2024	Feb. 2025	Feb. 2024
Aantal uitgereikte aandeel	800 000	1 000 000	2 000 000	1 500 000
Fondse wat gebruik word vir die terugkoop van aandele	R3 000 000			
Terugkoopprys	R15,00			
Verhoging in aandeelkapitaal	0		R4 000 000	
Uitreikingsprys van addisionele aandele			R8,00	
Vaste bates aangekoop	R1 800 000		R3 200 000	
Toename (afname) in lening	R5 300 000		(R550 000)	

B. Finansiële aanwysers, markpryse en rentekoerse van aandele:

	SINAKO BPK.		LISELE BPK.	
	Feb. 2025	Feb. 2024	Feb. 2025	Feb. 2024
% bedryfsuitgawes op verkope	19,8%	16,5%	15,1%	19,2%
% bedryfswins op verkope	21,7%	25,2%	27,0%	24,5%
% netto wins op verkope	15,4%	19,6%	20,9%	17,3%
Skuld-ekwiteit verhouding	1,2 : 1	0,5 : 1	0,3 : 1	0,5 : 1
% opbrengs op kapitaal aangewend	11,9%	18,0%	19,6%	15,9%
% opbrengs op aandeelhouersbelang	9,4%	13,7%	17,5%	11,2%
Netto batewaarde per aandeel	1 158 sent	1 206 sent	743 sent	725 sent
Markprys van aandele	1 060 sent	1 215 sent	800 sent	739 sent
Rentekoers op lenings	16%	16%	16%	16%
Verdienste per aandeel	96 sent	152 sent	87 sent	78 sent
Dividende per aandeel	106 sent	98 sent	66 sent	82 sent
Dividend uitbetalingskoers	110%	64%	76%	105%
Rente op alternatiewe belegging	14%	14%	14%	14%

C. Aandeelhouing van Lorna Ngendu in beide maatskappye:

	SINAKO BPK.		LISELE BPK.	
	2025	2024	2025	2024
Aandele in elke maatskappy	310 000	510 000	?	637 500
% aandeelhouing in elke maatskappy	?	51%	?	42,5%

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR**(15 punte; 15 minute)**

4.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 (Aandeelhouders / Direkteure) bestuur die daaglikse bedrywighede van die maatskappy en neem ingeligte besluite om die maatskappy te help om sy doelwitte te bereik.

4.1.2 'n (Vrywaring van mening / Ongekwalfiseerde) ouditmening word ontvang wanneer die eksterne ouditeur weier om 'n mening oor die betroubaarheid van die finansiële state uit te spreek.

4.1.3 (Vergoedingskomitee / Goeie korporatiewe bestuur) verseker dat die maatskappy behoorlike reëls, beleide en praktyke het om langtermyn aandeelhouderswaarde te skep. (3)

4.2 **Verwys na die uittreksel uit die ouditverslag van Kanghol Bpk.:**

4.2.1 Watter tipe ouditverslag het Kanghol Bpk. in 2025 ontvang? (1)

4.2.2 Waar word dit verwag dat hierdie ouditverslag aangebied sal word? Gee EEN punt. (1)

4.2.3 Verduidelik TWEE punte oor die impak van hierdie verslag op die maatskappy. (4)

Uittreksel uit die ouditverslag van Kanghol Bpk.:

Ons het die finansiële state van Kanghol Bpk. vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025 geaudit. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om 'n mening oor die finansiële state uit te spreek, gebaseer op die oudit wat uitgevoer is.

Die oudit sluit, op 'n toetsbasis, bewyse in wat die bedrae in die finansiële state ondersteun en evalueer die beginsels wat gebruik word.

Die finansiële state bied, in alle wesenlike opsigte, die finansiële posisie van die maatskappy redelik weer, behalwe vir 'n beduidende toename in die waarde van voorraad wat nie verantwoord is nie.

Smilo en Thato, Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

4.3 Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikhedsprogramme het ten doel om struktuur te gee aan 'n maatskappy se pogings om terug te gee aan die gemeenskap en om positiewe sosiale waarde te verskaf.

Verduidelik hoekom maatskappye aan die gemeenskappe wil teruggee. Noem DRIE punte. (6)

15**TOTAAL: 150**

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien nota 1 hieronder)	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien nota 2 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien nota 3 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdiens te per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL: 1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word. 2. Krediet aankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly). 3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegde gemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.	

